


## Uit die Bybel

Lees die geboorteverhaal in Matteus, waar die engel aan Josef verskyn, die wyse manne die ster volg, Herodes die seuntjies laat uitmoor en Jesus se ouers met Hom na Egipte toe vlug.

Lees die geboorteerhaal in Lukas, waar die engel aan Maria verskyn, waar daar nie plek in die herberg is nie, waar die engelekoor God se eer besing, waar die herders die nuus van ’n engel kry, en waar Jesus se ouers Hom na die tempel toe neem.

Lees hoe Jesus se koms deur die evangelie van Johannes in ’n kosmiese konteks geplaas word en in digterlike taal beskryf word.

Lees ook die loflied in Filippense 2:5-11 waar daar ook met ’n wye perspektief oor Jesus se sending aarde toe geskryf word.